## FROM THE EDITOR

Contributions to this issue all display a pragmatic orientation. H C van Rooy analyses Ezk 29:1-16 in its exilic and post-exilic setting, to draw certain conclusions for the role of contemporary prophetic preaching. Jan Botha explains why rhetoric is so much in vogue, and what implications it might have for the practice of exegesis and for current New Testament scholarship. Cornel du Toit discusses basic concepts relating to ideology, and demonstrates how a constructive approach to ideology critique can be developed. Hermie van Zyl concludes with a basic overview of liberation theology and its main proponents.

## REDAKSIONEEL

Die bydraes in hierdie uitgawe het almal 'n pragmatiese spits. H F van Rooy ondersoek die betekenis van Esg 29:1-16 in die ballingskaps- en naballingskapsperiode, en beweeg vandaar na die rol van profetiese prediking in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Jan Botha verduidelik waarom daar tans 'n hernieude belangstelling in die retoriek is, en watter implikasies daaruit voortvloei vir die praktyk van die eksegese, asook vir die gangbare Nuwe-Testamentiese wetenskap as sodanig. Cornel du Toit analiseer basiese begrippe en fasette in die verhouding tussen ideologie en ideologie-kritiek, en stel 'n eie benadering tot verantwoorde ideologie-kritiek voor. Hermie van Zyl sluit die uitgawe af met 'n basiese oriëntering ten opsigte van bevrydingsteologie en sy belangrikste eksponente.